VOLUME 1/2007

MEI/MAY 2007

# STRUISIEBONDER

HOËRSKOOL OUDTSHOORN HIGH SCHOOL

## STRUISIELAND: "INGENIEURSFABRIEK"

**Hoërskool Oudtshoorn het al sinoniem geword met topprestasies op die gebied van ingenieurswese en 2006 was geen uitsondering nie!**

Alle Struisies, en die Struisiebond in besonder, is baie trots op veral die volgende oudStruisies van wie ons via die Universiteit van Stellenbosch verneem het:

**Fakulteit Ingenieurswese, Universiteit Stellenbosch**

**Marlize Schoeman - PhD (Elektronies).** Marlize matrikuleer in 1997 en word toe ook as Dux-leerder aangewys nadat sy tiende op die Top 20-lys van die Wes-Kaap was. Sy is ook in 2003 deur Maties vereer met die Kanseliersmedalje. Sy is die dogter van mnr Annis Schoeman.

**Johan Bezuidenhout - BIng Cum Laude (Chemies).** Johan kry ook die prys vir die beste finalejaarskripsie. Hy is tans besig met sy MIng. Johan is die seun van mnr Johan en mev Susan Bezuidenhout. Hy was in 2002 in matriek.

**Ryne Kotzé - BIng Cum Laude (Chemies).** Sy is tans besig met haar MIng. Sy was die hoofdogter van Struisieland in 2002. Ryne is die dogter van ds en mev Schalk Kotzé.

**William Meyers - BIng (Siviel).** William is die seun van mnr Thys en mev Marie Meyers. William werk tans vir Jeffares & Green in Pinelands. William was ook 'n Leerlingraadslid in 2001.

**Jan Jurie Fourie - BIng (Elektries en Elektronies).** Jan Jurie is die seun van dr en mev Jan Jurie en Lettie Fourie en werk tans vir Nuclear Consulting International. Jan Jurie was ook in 2001 op Leerlingraad.

**Gaermo Griffin - BIng (Chemies).** Gaermo is tans besig met sy MIng (Chemies]. Hy is die seun van mnr Brandon en mev Hanlie Griffin. Gaermo het in 2002 gematrikuleer.

**Elsje Fraser – BIng (Siviel).** Sy is tans ook besig met haar MIng. Elsje is die dogter van mnr John en mev Elsa Fraser. Sy het in 2001 gematrikuleer.



Johan Bezuidenhout

PROUDLY Struisie TROTS

TEL: 044 279 1623
www.oudhs.co.za

IN HIERDIE UITGAWE


| | |
|---|---|
| Reik hand na Tertius Strauss | 2 |
| Reünies | 2 |
| Rekord-matriekuitslae 2007 | 3 |
| Matthys Maree | 3 |
| Kortnuus | 3 |
| Ernie Kruger brul hard | 4 |
| Struisies SWD Kampioene | 4 |


Vir die 2007-kalender…

MEI

26 SPORTDAG vs HS STRAND [T]

JULIE

21 SPORTDAG vs HS TYGERBERG [T]

26 GROOT BRAG [T]

27 GEESVANGAAND [T]

28 ENB KWAGGADAG [George]

## UIT DIE VOORSITTER SE PEN...

**Dit is moeilik om te glo dat ons alweer byna halfpad deur 2007 is. Soveel het al gebeur sedert ek laas met u gekommunikeer het en soveel moet nog vanjaar gebeur op die oudskoliere-gebied.**

Een van die dinge wat my baie opgewonde maak, is die Towers Trust Inisiatief. Met die nodige ondersteuning kan dit die lewensaar van ons opvoedkundige trust, **Towers Trust**, word. Dit vra werklik min van ons as oudStruisies. Ek wil graag 'n beroep op elke oudStruisie doen om hierdie projek te ondersteun. As hierdie inisiatief eers in volle werking is, gaan ons hierdie skool omskep in 'n modelskool!

Dan die reünies wat vir hierdie jaar beoog word. Langsaan is al die inligting rondom die reünies wat vanjaar gaan plaasvind. Ons hoop dit gaan 'n reusagtige sukses wees. Kontak gerus die skool indien ander jaargroepe reünies beoog - daar word alreeds aan 1978 en 1998 se reünies gereël.

En dan **KWAGGADAG 2007**! Alle oud-Struisies MOET eenvoudig op 28 Julie opruk na George toe - maar eers nadat ons behoorlik GEES gevang het die vorige aand in Struisieland! Teken dus **Vrydagaand 27 Julie aan!**

Struisie-groetnis.
Manie Olivier

## REÜNIES • REUNIONS

**1997**
21-24 September 2007. Kontak Bernard le Roux by 082-3792627 of kktodn@mweb.co.za

**1987**
28-30 September 2007. Contact Hein Jonker at 082-6527416 or hein.jonker@opsa.co.za

**1977**
Kontak asseblief vir Eve Kemp by 072-2229751 of akemp@sainet.co.za

**1967**
21-24 September 2007. Kontak Manus Blignault by 082-9683675 of blignault@xsinet.co.za

**Vir meer inligting kan u gerus die skool by 044-2791623 skakel.**

# ONS REIK 'N HAND NA TERTIUS



**Tertius Strauss het in 1995 aan Hoërskool Oudtshoorn gematrikuleer, waar hy onder andere drie jaar in die eerste krieketspan en een jaar in die eerste rugbyspan gespeel het**. Uiteraard het dié kranige sportman dan ook Menslike Bewegingskunde aan die Universiteit van Stellenbosch gaan studeer, maar is in sy tweede jaar met Veelvuldige Sklerose, 'n siekte wat die senuweeweefsel vernietig, gediagnoseer.

In die elf jaar wat sedertdien verloop het, is Tertius se fisiese toestand in só 'n mate aangetas dat hy tans o.a. nie meer kan loop nie en baie min van sy sig oorhet.

Tertius se ouers, Johann en Margaret, was onderskeidelik jare lank toegewyde onderwysers aan Hoërskool Oudtshoorn en Laerskool Wesbank. Johann is laat in 2006 aan kanker oorlede en sedertdien woon Margaret en Tertius alleen in hul meenthuis in Hartenbos, waar sy hom 24 uur per dag moet versorg. Tertius se mediese fonds dek nie eens naastenby al sy kostes nie en sy moeder moet 'n aansienlike bedrag per maand uit haar pensioen betaal.

Met dié skrywe rig ons 'n vriendelike uitnodiging aan iedereen, bekend of onbekend, om as bemoedigingsgebaar

- ernstig vir hierdie jongman, én sy moeder, te bid;
- aan Tertius te skryf by: Aura Aesta 29, Hartenbos. 6520;
- 'n besoekie by Tertius af te lê by bogenoemde adres;
- Tertius te skakel by 044 – 6954167 of 082 3713166. U kan ook sms;
- 'n finansiële bydrae te maak tot die Tertius Strauss Hulpfonds deur dit by mnr. Dave van der Walt by Hoërskool Oudtshoorn in te lewer, of direk in die bankfasiliteit wat daarvoor geskep is, in te betaal. Fondse word geadministreer deur James King & Badenhorst Prokureurs, wat dit deur 'n geouditeerde trust-rekening bestuur. Indien u u weg oopsien om bv. eenmalig/ maandeliks/ jaarliks 'n bydrae tot dié fonds te maak, kan u dit inbetaal by:

  Tertius Strauss Hulpfonds (Verw. T.T. 900)
  James King & Badenhorst Ing. Trustrekening
  First National Bank, Oudtshoorn
  Tjekrekeningnr. 53230025926

Baie dankie dat u bereid is om saam met ons 'n hand na Tertius te reik.

Johan Claassen
Skoolhoof: Hoërskool Oudtshoorn

PROUDLY Struisie TROTS
TEL: 044 279 1623
www.oudhs.co.za

# REKORD MATRIEK-UITSLAE IN 2006!

**Getrou aan Struisietradisie, het verlede jaar se matrieks 'n standaard daar gestel wat nie sommer verbeter gaan word nie! Uit die 110 matrieks behaal 28 'n gemiddelde A-simbool [vorige beste was 26] terwyl daar geen druipeling was nie!**

Om die prentjie nóg rooskleuriger te maak, behaal Lèander Steynberg die 11de plek op die Wes-Kaapse TOP 20-lys met 'n persentasie van 107,8%! Hendrik Smit mis dit net met 79,4%. Glad nie te versmaai vir 'n plattelandse skool nie.

Huis Archer en Pinehurst-koshuis spog ook met 7 gemiddelde A-simbole tussen hulle. Groot dank moet ook gaan aan die puik onderwyspersoneel van Hoërskool Oudtshoorn. Julle is die beste!

**Gaan asseblief na Struisies se webtuiste [www.oudhs.co.za] en voltooi die aanlyn-inligtingsvorm**

**Lees jou STRUISIEBONDER op www.oudhs.co.za**

# KORT NUUS ...

- **Marlize Schoeman verwerf haar doktorsgraad in Chemiese Ingenieurswese**
- **Morné Nel word aangestel as Die Burger se streeksbestuurder vir die Suid-Kaap**
- **Lancea Crafford het tydens die afgelope KKNK groot naam gemaak as aktrise**
- **Deon Louw sterk tans aan na 'n ernstige motorfietsongeluk**
- **Arthur Gillis, Uitvoerende Direkteur van die Protea Hotelgroep, het so pas 50 jaar oud geword**
- **Mariun Steynberg is aangewys as die beste eerstejaarstudent in Optometrie aan die UV**

Het jy al jou ledegeld vir die Struisiebond betaal ?


Kontak Joènie Vivier by 044-2791623

# MATTHYS MAREE SINONIEM MET AFRIKAANSE MUSIEK

**Watter oud-Struisie sal ooit die naam Matthys Maree vergeet? As daar musiek gemaak moes word, was dit maar altyd Matthys. Vandag speel hy byna op elke Afrikaanse CD wanneer daar 'n behoefte is aan klawerklanke.**

Na byna twee jaar se teologiestudie in Matieland, pak die musiekgogga hom behoorlik en pak hy sy tasse en verhuis na Pretoria om meer van ligte musiek te leer. Daar het hy kunstenaars soos Anna Davel, Matthys Roets en Herman van den Berg ontmoet en saam met hulle begin werk en optree. Dit was veral Louis Britzz wat hom geleer het om sy eie potjie te krap.

Tydens Matthys se tersiêre studies [jazz] het hy betrokke geraak by die ateljee-wêreld en onmiddellik besef dat dit 'n rigting is waarin hy belangstel. Ongelukkig is dit egter 'n baie geslote wêreld en moeilik om erkenning te kry. Geen kwalifikasies kan deure oopmaak soos jare se stelselmatige blootstelling aan die wêreld van klankopnames nie en dit was presies die doelstellings waarna hy gestreef het en waarvoor hy gewerk het. Tien jaar en 250 optredes per jaar het dit bewys. By KKNK 2007 was hy by 24 vertonings as pianis of regisseur betrokke



Na meer as 100 volwaardige produksies, bietjie meer as 500 albums waar hy as pianis opgtree het en ongeveer 30 internasionale toere verdien hy met reg die titel van Vervaardiger [Producer].

Matthys was Struisies se hoofseun in 1994. Hy is getroud met Anneke en hulle het 'n seuntjie, Daniël [4] en 'n babadogter, Emilie [6maande].

**Struisiebond wens Matthys alle sukses toe. Mag ons nog lank van hom "hoor"!**



SPORT


**HOËRSKOOL OUDTSHOORN HIGH SCHOOL**

STRUISIEBOND
Posbus/P.O.Box 194
OUDTSHOORN 6620
6620

Tel : 044-2791623 x 17
Fax: 044-2725365
Email : struisiebond@oudhs.wcape.school.za


**STRUISIEBOND**


PROUDLY Struisie TROTS
TEL: 044 279 1623
www.oudhs.co.za


## ERNIE KRUGER BRUL SAAM MET DIE LEEUS!



Sy agent noem hom die volgende Danie Gerber. Hy is 'n oudStruisie, wat eers by die Puk en daarna by Maties studeer het. Einde verlede jaar het hy in Johannesburg by die Leeus aangesluit.

Sy naam is Ernie Kruger en behalwe vir die Maties het die jong buitesenter verlede jaar ook vir die WP se Onder-21 span uitgedraf voordat hy beseer is.

Sy agent, Chris de Beer, vergelyk dié jong senter met die Doring van Despatch en glo dat hy dieselfde hoogtes kan bereik.

## ENB KWAGGADAG 2007 - 28 JULIE

**Tref nou reeds jou reëlings om hierdie GROOT geleentheid by te woon!**

**ONTHOU DIE GEESVANGAAND VRYDAG 27 JULIE!**

## STRUISIE SE KRIEKET IS TOPS!

Die finaal van die SWD Hoërskole Superliga het Dinsdag 13 Maart 2007 tussen HS Oudtshoorn en Langenhoven Gimnasium op die Oudtshoorn REC, hoofkwartier van SWD Krieket, plaasgevind. Beide die spanne het hierdie seisoen slegs een wedstryd in die liga verloor.

Hoërskool Oudtshoorn het die loot gewen en besluit om eerste te kolf. In 'n beurt wat wipplank gery het, het hulle 168 geslaan in 43 beurte. Dit is moontlik gemaak deur 'n vennootskap van 49 lopies om die agste paaltjie tussen Davandre Carolus en Gerhard Nortier.

Hoërskool Oudtshoorn het toe gaan veldwerk doen en Langenhoven Gimnasium beperk tot 96 lopies in 31 beurte. Uitstekende veldwerk en boulwerk het gesorg dat Gimnasium die aftog moes blaas. Hoërskool Oudtshoorn wen die wedstryd met 72 lopies en word so as die SWD Hoërskool-kampioenspan vir 2007 gekroon.

Die Struisies se beste kolwers was Leighton Bezuidenhout [36] en Davandre Carolus [32]. Die beste boulers was Alfonso Africa [9 – 17 – 2] en Ranwill Claassen [5 – 14 – 3].

Baie geluk aan mnr. Danie Oosthuizen en sy span!



SWD Krieketkampioene vir 2007!

### SAMMY-JOE NA AKADEMIE

**Sammy-Joe Avontuur, een van Struisies en SWD se staatmaker-krieketspelers van 2006, is opgeneem in die OP Krieketakademie in Port Elizabeth.**

Dit vorm deel van SWD Krieket se ontwikkelingsplan en skakel SWD in by die Warrior Krieketkonsessie van die OP. Tot in September 2007 gaan Sammy-Joe sy vaardighede by die akademie opskerp.

Piet Botha, die Direkteur van die akademie, is baie opgewonde oor Sammy-Joe se potensiaal en verwag groot dinge van hom.




# STRUISIEBOND

## HOËRSKOOL OUDTSHOORN HIGH SCHOOL

POSBUS/ P.O.BOX 194 OUDTSHOORN 6620

TEL 044-2791623 e.mail : struisiebond@oudhs.wcape.school.za

### LIDMAATSKAPVORM / MEMBERSHIP FORM

*DUI AAN MET X / INDICATE WITH X*

OUDSKOLIER / EX-SCHOLAR ☐ ONDERSTEUNER / SUPPORTER ☐ OUDONDERWYSER / EX-TEACHER ☐

VAN / SURNAME : ______________________________

NOOIENSVAN / MAIDEN NAME : ______________________________

VOORNAME / FIRST NAMES : ______________________________

ADRES / ADDRESS : ______________________________

______________________________

KODE / CODE : ______________

e-pos / e.mail : ______________________________

TEL: KODE/CODE :__________NR/NO :______________________

MATRIEKJAAR / MATRIC YEAR : ______________________________

**LEDEGELD / MEMBERSHIP FEE : R50 p.a.**

BETALING / PAYMENT : TJEK / CHEQUE : ☐

DIREK / DIRECT : ☐ STRUISIEBOND, NEDBANK, OUDTSHOORN, 2688310401